

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Wie is jou herder?

#### Skriflesing 1: Psalm 23 (1953)

<sup>1</sup> 'n PSALM van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

<sup>2</sup> Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

<sup>3</sup> Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

<sup>4</sup> Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

<sup>5</sup> U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

<sup>6</sup> Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

#### Skriflesing 2: Johannes 10:1-11 (1953)

<sup>1</sup> VOORWAAR, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower.

<sup>2</sup> Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape.

<sup>3</sup> Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; en hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit.

<sup>4</sup> En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.

<sup>5</sup> Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.

<sup>6</sup> Hierdie gelykenis het Jesus aan hulle vertel; maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy tot hulle gespreek het nie.

<sup>7</sup> Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape.

<sup>8</sup> Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie.

<sup>9</sup> Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

<sup>10</sup> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê.

<sup>11</sup> Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

## Broodjies vir die pad

### EERSTE VRAAG

'Waartoe ben ik eigenlijk hier?' vroeg ze telkens weer, in haar negentigste, rood

omrande oogjes vanwege het gebrek aan traanvocht. 'Waartoe ben ik eigenlijk hier?' Amper nog in staat overeind te komen,

weinig eetlust meer. 'Waartoe ben ik eigenlijk hier?' Hoe ik ook geduldig probeerde het haar uit te leggen, drie, vier keer, dat ze al jaren geleden niet meer zelfstandig wonen

kon, niet goed ter been, mijn geboortejaar wist ze feilloos, maar niet dat waarin we heden leefden, dat 'diepblauw' de kleur van de deur van haar grootouderlijke huis was geweest, maar niet hoe de verpleegster

heette die haar dagelijks waste en kleedde. 'Waartoe ben ik eigenlijk hier?' Tot ik met een schok dacht: wie weet is het geen vraag van nu, maar een van toen en daar, de eerste

uit haar catechismus, die met de belofte van een hemel, en antwoordde: 'Om God te dienen en daardoor hier en hiernamaals

gelukkig te zijn.' Ze keek me er niet eens bij aan: 'Dat jij nog gelooft in dat gezemel.'

*Huub Beurskens*

Beurskens, H. (2013) *Hotel Eden*, Nieuw Amsterdam Uitgevers



In ons eie land het C.Louis Leipoldt die brug tussen letterkunde en kookkuns oorkruis. Sy 'Kos vir die kenner' het so jaar of twee gelede 'n nuwe baadjie aangetrek en bied die hedendaagse leser 'n perspektief uit die pen van Leipoldt, die skrywer, kok/sjef en medikus. Lees gerus meer daarvoor in Joan Hambidge se blog:

<http://joanhambidge.blogspot.com/2013/01/c-louis-leipoldt-kos-vir-die-kenner-n.html>

Leipoldt se gedig 'Die Beste' maak dit duidelik vir my dat die rede waarom sy kookkuns gewerk het voortspruit uit sy gesonde gebruik van die kleure wat nodig is om die ander dimensies van die mens te voed.

## Die Beste

(soos dit verskyn het in die tydskrif  
Die Brandwag van 15 Januarie 1915)

Geil lusern in die laagste landjie,  
Geil groen blare en blomme blou,  
Alwyn rooi op die voorste randjie,  
Rooi soos bloed teen die rotse grou;  
Somer en son en safier daarbowe,  
Ruik van die keurbos rondgesprei,  
Kort klein skad'wees oor die klowe;  
Somer en son en safier vir my!  
Wonder van kleure uitgesprei—  
Wat is daar meer wat die dood berowe?  
Somer en son en safier vir my!

Hoog oor die water skommel die vinkies  
Vol van die vreug van die somerdag:  
Bly die gekwetter van klein tinkinkies,  
Blyer die son wat goudgeel lag.  
Algar wat lewe, algar tevrede,  
Hoog op die heuwel en laag op die vlei;  
So was dit gister en so is dit hede,  
Somer en son en safier vir my!  
Heer, Wat die hemel oor my sprei,  
Dit is my eerste en laaste bede:  
Somer en son en safier vir my!

Roem van mense, rykdomme, pragte—  
Alles vergaan soos die mis op die vlei;  
Sterre wat skiet in dikdonker nagte,  
Het langer lewe dan roem kan kry.  
Boetie, as ons nou 'n keus moet wae  
Hier op die wêreld, wat vra jy?  
Roemryke lewe en lengte van dae?  
Somer en son en safier vir my!  
Boetie, as jy nou jou keus kan kry,  
Wat is die wens wat jou hart sal wae?  
Somer en son en safier vir my!



## III KUNSTENAARS

Party is toegelaat om dieper  
af te luister, dieper te kyk en te sien,  
dieper te tas, Sophokles die Griek,  
Job die Jood en Dawid in 'n klein uithoekie  
van 'n afgeleë streek, Dante wat slegs drie  
vlakke van 'n oneindige aantal verdiepings  
mog loop, Michelangelo, Rembrandt, ander genieë,  
Milton; in 'n roman, in 'n gedig, 'n tragedie  
Of klug – Hy lag nie openbarend hardop nie –  
fragmentaries in keramiëskerwe tref ons Hom hier  
En daar, in 'n haikoe, in 'n vers, 'n sonate of lied,  
groter en kleiner beelde, stukkies fresco, stukkies vir  
stukkies, in 'n mosaïek; meestal glad nie.

T.T. Cloete

[www.versindaba.co.za](http://www.versindaba.co.za)

## Brood vir die pad

### 'n Mooi droom dalk met profesie

*Wilhelm Jordaan*

Dit was die jong student se werkstuk oor Carl Jung se  
droomteorie wat my laat onthou het hoe verwilderd 'n mens  
voel as jy begin registreer jou werkjare is amptelik verby: Jy  
moet aftree, by die huis bly . . . en jy weet nie hoe dít sal  
wees nie.

Die student skryf, à la Jung, dat die onbewuste jou deur  
“profetiese drome” na nuwe moontlikhede kan lei. Oor  
sulke aansprake was ek nog altyd bra skepties, want ek  
verkie om drome “kognitief” te verklaar as die brein se  
ordeskeppende nagwerk.

Tog had ek, kort voor my aftrede, 'n verbysterende mooi  
droom wat miskien, net miskien, 'n profesietjie bevat het:

Ek staan in die stadsaal van die dorpie Oranjeville, waar  
ek begin skoolgaan het. My pa is ook daar. Hy was die  
skoolhoof.

Hy, wat buitengewoon onhandig was, sukkel om 'n  
16 mm-film op die projektor geplaas te kry. En ek, ook maar  
'n tegnologiese sukkelaar, help hom daarmee en met die  
opstel van die outydse skitterende silwerdoek.

(Destyds het my pa, ter stywing van die skoolfonds,  
films by African Consol-idated Theatres in Johannesburg  
gaan huur en elke tweede Saterdagavond in die stadsaal  
vertoon. Ek het altyd saam gery en my verkyk aan die  
geblikte rolfilms, netjies verpak in koffertjies met leerbande  
om.

Die eerste fliëk wat ek gesien het, was die musiekprent  
Rose Marie met Nelson Eddy en Jeanette MacDonald. En ek  
onthou hoe die boere van die distrik luidkeels kommentaar  
gelewer het, saam gesing het en tot almal se vermaak voor  
die projektor gaan staan het om te kyk waar die prentjies  
uitkom.)

Terug droom toe: Ek en my pa sit langs mekaar en die  
fliëk begin draai. Dis toe 'n fliëk oor my lewe by die  
universiteit waar ek gewerk het. Daar is niks van boeke,  
artikels, studiegidse, dokumente, prestasies en eindelose  
transformasie-vergaderings nie – net kollegas en studente  
wat praat, debatteer, redeneer, hekel, lag en beduie: Die  
universitas magistrorum et studentium.

En die verruklike indruk: Dis my Cinema (Academia)  
Paradiso dié! Hier is ek gelukkig soos 'n kind.

Toe opeens, soos dit dikwels (met en sonder my pa se  
toedoen) tydens 16 mm-filmvertonings gebeur het, haak die  
film vas waar dit verby die warm projektorlamp beweeg.

Voor my oë sien ek hoe die film begin smelt en saam  
daarmee vervaag my werklewe tot spookbeelde.

En toe verdwyn dit heeltemal en saam daarmee knars die  
film se klankbaan tot stilstand. Ek onthou baie goed die  
donker angs wat ek had: Die vertoning is verby.

En net daarna, nog in die droom, raak dit helder: Die  
film het opgehou voor “The End”. Sit dit net terug en laat  
dit draai. Tot die einde toe . . .

<http://www.beeld.com/opinie/2014-05-06-n-mooi-droom-dalk-met-profesie>

[wynandnel@iafrica.com](mailto:wynandnel@iafrica.com) 082 901 5877